21

GESAG EN DISSIPLINE

Respek moet verdien word

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders leer dat daar tot voordeel van die samelewing reëls en orde moet wees.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders leer –

- om respek te betoon teenoor alle mense;
- dat elke samelewing reëls en wette het tot almal se voordeel; en
- dat hulle 'n verantwoordelikheid het teenoor hulleself, die samelewing en ander mense.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om die reëls van hulle kerk, skool, samelewing, familie en gesin te eerbiedig.

Vaardigheid

Die kinders is in staat om ongeskikte gedrag te identifiseer en voortaan hoflik, bedagsaam en eerlik op te tree.

MEER INLIGTING (Psalm 51; 2 Samuel 11)

Psalm 51 is 'n skuldbelydenis. Hierdie psalm handel oor koning Dawid wat Uria se vrou, Batseba, afgerokkel het. Dawid het ook sy posisie as koning misbruik om haar syne te maak. Hy het Uria in die voorste linie in die oorlog laat veg, sodat hy doodgemaak kon word. Dit was dus niks anders nie as moord. Ons lees hierdie verhaal in 2 Samuel 11. Oor dié vergryp het Dawid berou. Hierdie een daad wat hy gepleeg het, het sy hele lewe oorheers. Daarom dat hy sê: *Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het*. Sy lewensgeskiedenis is 'n onheilsgeskiedenis, want hy is deurtrek van die sonde. Dit gaan nie

maar net om een verkeerde daad nie. Dit gaan oor sy totale verlorenheid omdat hy mens is. Iets van *om van nature geneig te wees om God en die naaste te haat*.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

'n Kind wat jy verlede week vooraf aangewys is, open met gebed en bid spesiaal vir die mense wat ons moet beskerm soos die polisie, weermag, ensovoorts.

HET HULLE ONTHOU?

- Vind uit of –
  - hulle nagedink het oor die dinge in hulle lewe waarmee hulle ongemaklik voel, **sonder om besonderhede uit te vis.**
  - hulle daarmee kon stop.
  - hulle hulp nodig het indien hulle nie kon stop nie.
- Laat 'n paar kinders die volgende teks voltooi: *Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se* kos en wyn *te verontreinig nie* (Daniël 1: 8a).

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Koning Dawid is hier baie eerlik en hartseer. Hy smeek by God om genade en vra dat sy sonde uitgewis sal word. Hy besef dat hy teen God en sy naaste oortree het. Sy gewete pla hom en hy beleef 'n gemoedsversteuring. Hy besef dat God nie 'n offer vra nie. God vra verootmoediging, met ander woorde, nederige skulderkenning. Hy moet ophou met sy leuens. Vir 'n kort rukkie kry 'n mens dit dalk reg om jou geheim dood te speel, te drink, te studeer, te leef... maar sy geheim moet ontbloot word sodat hy vryspraak kan kry. Hy vra in opregtheid dat die Here hom weer skoon sal was van al sy sonde sodat hy weer vreugde sal ervaar.

Ook in die woorde van die 1953 Afrikaanse Vertaling vra koning Dawid in vers 9: *Ontsondig my,* bedoelende: Onttrek tog die sonde uit my sisteem. Ek kan nie langer skynheilig wees nie. En in vers 11: *Moet tog nie ag slaan op my sondes nie*. Hy kan dit maar vra, want die Regter is sy Vader. En ons s'n ook. Daarom kan ons ook vra as ons in die nood is.

God het Dawid vergewe na sy berou. Sy seun Salomo is later gebore, en sy naam beteken: Die Here het hom lief!

IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders oor... en ook die volgende:

Die mense van die Ou Testament was reguit en eerlike mense. Hulle kon met God argumenteer, kon selfs sê as hulle nie met God saamgestem het nie, maar het ook nie gehuiwer om hulle

skuld te erken nie. Soos hulle eerlik en reguit was om hulle bekommernis en nood uit te spreek, so was hulle eerlik en reguit oor hulle sonde.

Doen ons nog werklik skuldbelydenis? Aan die einde van ons gebede sal ons dalk haastig 'n sinnetjie laat inglip soos: *Vergewe ook my sonde. Om u Naam ontwil. Amen.* Maar bedoel ons dit werklik?

In Psalm 32 lees ons dat daar 'n tyd was toe koning Dawid sy skuld voor God wou wegsteek. Maar uiteindelik kom hy met die hele saak na vore: *Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer... my krag het opgedroog soos water in somerhitte*. Dit moet God ook hoor. En nou dat hy die hele storie aan die Here kom vertel, is hy nie meer bang nie, want: *U is vir my 'n skuilplek... U laat my oorwinningsliedere sing*.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by die kinders in:

- Ten spyte daarvan dat Dawid God se gunsteling was, het hy gedwaal.
- Dawid het egbreuk gepleeg met Batseba terwyl sy 'n ander man se vrou was.
- Dawid het homself ook skuldig gemaak aan moord toe hy Batseba se man in die voorlinie van die oorlog laat veg het.
- Dawid het egter sy sonde bely (Psalm 51), en toe het die Here hom vergewe.

IETS OM TE DOEN

Laat die kinders as klas saam 'n karakterontleding van koning Dawid maak. Dawid se:

Sterk eienskappe	**Swak eienskappe**
.....	.....
.....	.....
.....	.....
.....	.....
.....	.....

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat die kinders vir hulleself 'n getuigskrif in hulle boeke skryf. Moedig hulle aan om die dominee te vra om te help as hulle vasbrand.
- Die kinders skryf Psalm 51: 1-7 in hulle eie woorde oor.

BELANGRIK VIR DIE VOLGENDE LES: Laat 'n persoon uit die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 'n maatskaplike werker, of die predikant oor twee weke by Les 23 met die kinders kom gesels. Reël so 'n persoon betyds.

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 284 as gebed.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is,
laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart
vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien. Amen.

BELANGRIKE VOORBEREIDING VIR DIE KATEGEET

By volgende week se JY HET NODIG word breedvoerig beskryf hoe jy nou reeds moet begin voorberei vir volgende week.